Kameeldrif pak misdaad

Verskeie gemeenskappe in Suid-Afrika word oorspoel deur geweldsmisdaad. Een so 'n gemeenskap het besluit om op te staan teen misdaad. En die kerk het voorgevat.

In Christus lewe ons hoop





"Ons het besef dat ons as gelowiges alles moet aanpak in geloof, en daarom was gebed 'n kernbestanddeel van ons plan."

Foto's verskaf

Op die foto's kloksgewys, van links bo: Loutjie Kruger laat sy hare afskeer as teken van sy frustrasie met sinnelose geweld. Van links staan dr Roelf Opperman, brigadier Jaco Bothma en adv Fanie Visser. Minister Nathi Mthethwa en dr Willem Pretorius. Kinders by die roei-akademie. Lloyds Register het geld voorsien vir sonpanele waarmee sommige huise in plakkerskampe elektrisiteit kon kry.

ALITA STEENKAMP-VORSTER

Die storie van die NG Familiekerk Kameeldrif se geveg teen misdaad begin 'n paar jaar gelede in 2004 toe dr Roelf Opperman en dr Willem Pretorius by die gemeente begin dien het. Albei wou 'n verskil in die samelewing en natuurlik in die gemeente maak – hulle wou 'n familiekerk vestig.

Daar was 'n groot behoefte aan 'n bediening onder die jeug en die twee leraars het koppe bymekaar gesit en 'n plan van aksie opgestel. 'n Bymekaarkomplek waar mense oor familieprobleme met 'n familieterapeut, sielkundige en maatskaplike werker kon gesels is gevestig.

Die oprigting van hierdie sogenaamde spilpunt was ook in 'n tydperk waarin 'n vlaag van misdaad en geweld die gemeenskap van Kameeldrif getref het.

Dit was die sinnelose moord op een van die gemeente se aktiewe lidmate, Adriaan Steenberg, wat die wiele aan die rol gesit het. 'n Ander gemeentelid, Loutjie Kruger, het by Roelf sy frustrasie en teleurstelling oor die situasie kom bekla. Net soos al die ander lede van die gemeenskap was hy moeg vir die sinnelose geweld. Loutjie het voorgestel dat hy sy hare wil afskeer as teken van sy frustrasie en terselfdertyd wil hy ander mense in die gemeente aanmoedig om dit ook te doen. Roelf het hom eers huis toe gestuur om vir homself uit te klaar presies wat hy daarmee wou bereik. Uiteindelik het hy teruggekom met die volgende antwoord: "Ons wil ons hare sny in solidariteit met die seer waardeur die gesinne gaan wat geliefdes verloor het. Ons wil na die regering uitroep om iets te doen. Ons wil daarmee sê ons gee die eerste tree, want ons gaan dit nie stilswyend aanvaar nie."

Hulle wou ook daarmee erken dat God almagtig en kragtig is, en dat hulle swakke mense is.

Die volgende Sondag het 20 van die gemeente se mans en 'n vrou hulle hare afgeskeer en die gemeente het van hierdie aksie gebruik gemaak om die wêreld te laat weet dat hulle keelvol is vir geweldsmisdaad. Dit het die aandag van die media getrek en op Maandag, 22 Mei 2008, was die gemeente, en hulle griewe en voorneme om die misdaad en geweld hok te slaan, op die voorblad van die dagblad *Beeld*.

"Ons het 'n aksieplan in die lewe ge-